



## Die duiwel het belang daarby dat ons besig is

Die tyd vlieg verby. Die lewe is gejaagd. Dit is seker die ervaring van die meeste mense. Siekes, gevangenes en mense wat in groot onsekerheid verkeer, sal dit anders beleef. Maar verder? Ons het dit almal so druk. Te besig vir die een noodsaaklike saak.

By die werk word ons aangejaag. Die gesin het ook sy spitsye. Die kinders se skoollewe is net so gejaagd. En dan swyg ons maar oor die drukte wat ons vrye-tydsbesteding veroorsaak.

Dit is tog vreemd, want vroeër jare was daar geen wasmasjiene of skottelgoedwasmasjiene nie. Alles moes met die hand gedoen word en dit was omslagtig en tydrowend. Vroeër moes alle skryfwerk met die hand gedoen word. In die huishouding, in die sakewêreld en waar ook al was alles baie meer arbeidsintensief. Toe het die mense dit druk gehad sou 'n mens veronderstel. En nou met al die moderne hulpmiddels is ons lewe tog baie gemakliker. Die logiese gevolgtrekking waartoe ons moet kom: Ons is ook minder besig as ons voorouers. Maar hierdie logika lyk nie op te gaan nie. Ons is nie minder besig nie, dit lyk selfs asof die lewe vroeër baie rustiger verloop het. Wonderbaarlik nie waar nie?

### Geen tyd

Kan ons dan soveel minder doen as vroeër? Word ons gouer moeg? Is ons verwen? Het ons soveel meer om te doen en moet daar soveel meer gepresteer word? Miskien is alles waar. En dat daar vir allerlei dinge geen tyd is nie. Ek wil dit nie graag onbeduidend voorstel nie. Werk kan inderdaad baie tyd in beslag neem. Om by te bly, moet mens saans nog kursusse volg. Die gesin kan veeleisend wees en die dag vlieg ook vir die huisvrou om. Die baie skoolwerk laat aan ons kinders soms skaars enige vrye tyd.

Andersyds is ons nou so besig of maak ons ons so druk? As almal sê hulle het dit so druk, kan ons tog nie eintlik sê: "Ek het nie tyd nie." Dan moet 'n mens om in tel te wees, besig wees. En natuurlik is jy besig en as iemand jou vra om iets vir hom te doen, dink jy dit is te veel gevra.

### Groter aanjaer

Wat sou daar agter sit? Sou dit die groot aanjaer van ons lewe wees? Die duiwel weet dat ons lewe maar kort is. Kort, maar tog ook weer lank genoeg om die Here te soek. Die duiwel weet dat God ons in sy lankmoedigheid nog 'n voorbereidingstyd gun. Die tyd duur vir hom eintlik lank. Want elke dag van ons lewe, kan ons tot bekering kom en aan die duiwel se greep ontkom. Vandaar dat die lewensduur volgens hom maar liever so vinnig as moontlik om moet wees. Hoe kan hy dit bereik? Deur ons baie besig te maak, het ons vir die soeke na die Here so min as moontlik tyd oor.

Dit is pragtig as ons van soggens vroeg tot saans laat net vir ons verganklike lewe besig is en ons saans te moeg is om nog met aandag 'n stukkie uit Gods Woord te lees en ons in gebed tot die Here te wend. Pragtig as ons daaglikse beslommernisse ons so besig hou dat ons dit selfs Sondag nie opsy kan sit nie, sodat dit ons ook agtervolg as ons in die kerk onder die prediking van God se Woord verkeer. So gaan die lewe vinnig verby. Die dag van ons dood kom met rasse skrede nader en ons het nie eers die tyd benut om die Koninkryk van God en Sy geregtigheid te soek nie. Dan het die lis van die bese geluk.

## **Soek eers ...**

Is ons regtig so besig? Ja daar is dinge wat ons danig besig kan maak. As ons daaraan dink dat die duiwel steeds besig is om ons tyd weg te neem, dan moet ons met erns nadink oor die vraag of ons wel goed met ons tyd omgaan. Maar as ons dink aan ons tydsindeling, wat staan vir ons bo-aan? Die Koninkryk? Die belange van ons siel? Die diens van die Here? Daar sit 'n kern van waarheid in die spreuk wat ek op 'n keer gelees het: Wie tyd het vir God, het méér tyd. Laat u tog nie aanjaag en aandryf deur die horlosie nie. Ons horlosie word al veels te veel beheer deur die mensemoordenaar. Hou tog aan die dringende, welbedoelde advies van die Heiland: Soek eers - éérs - die Koninkryk van God.

P. den Butter

© 2016

[www.christelikemedia.org](http://www.christelikemedia.org)